

TRANSFORMASIE IN SUIDER-AFRIKA NA 1750



AGTERGROND:

1. Teen 1750 was daar verskeie koninkryke in Suidelike – Afrika – elk met sy eie koning.
2. **Daar was goeie interaksie tussen hierdie koninkryke - dryf handel met mekaar en soms oorlog gevoer.**
3. Hul het gereedskap van yster gemaak, gesaaides geplant en vee aangehou.
4. Hul het verkies om in 'n warm klimaat te woon waar die reënval hoog was en die grond vrugbaar.
5. Hierdie gemeenskappe was baie beweeglik en het baie rondgetrek.
6. Koninkryke het dikwels gekom en gegaan en die politieke mag het dikwels verander.
7. Teen 1850's kolonisasie nog nie 'n noemenswaardige invloed op Suider-Afrika gehad nie.

8. Net klein gedeeltes van Kaap deur Hollanders geannekseer.
9. In Delagoabaai (Maputo) klein hoef. Portugese.
10. Na 1750 het die gemeenskappe begin transformasie toon (verandering).
11. Die Difaqane of Mfecane het plaasgevind: Tydperk van groot politieke en sosiale omwenteling = oorloë en migrasie het plaasgevind.
12. Nuwe koninkryke en state het ontstaan.
13. Die blaam vir hierdie oorloë is voor die deur van die Zoeloes gelê
14. Spesifiek koning Shaka
15. Die meeste historici het hierdie gedagte dat Shaka en die Zoeloe koningryk alleen verantwoordelik was vir hierdie oorloë ondersteun.
16. Onlangse navorsing het egter getoon dat die redes vir die oorloë en bloedvergieting meer kompleks was.
17. Vlg. Redes word aangevoer:
 - Sommige koninkryke soos Zoeloes het magtiger geword
 - Hulle begin oor ander koninkryke regeer wat spanning veroorsaak het en oorloë
 - Die uitbreiding van Europese koloniste se gebiede vanaf die Kaap en Delagoa Baai het druk op hulpbronne veroorsaak en spanning by swart koninkryke

2. DIE SUIDELIKE TSWANA KONINGKRYKE:

1. Suid-Tswanas was voorvaders van Tswana sprekende mense wat in Bosveldstreek gewoon het.
2. Einde v.d. 15de eeu suksesvol geboer met sorghum, boeremanna asook beeste.
3. Geweldig vinnig aangewas en druk op omgewing geplaas.
4. Houtbronne misbruik – bou van huise, maak van vure.
5. Tswana boere het dus veekrake begin bou met klip omdat nie beskikbaar was om hulle vee te beskerm.
6. Die suid-Tswanas het groot politieke verandering ondergaan teen 1750 en die mag van sommige Tswana koninkryke het geweldig toegeneem.

2. DIE SUIDELIKE TSWANA KONINGKRYKE: VERVOLG

7, Rolong en Thlaping 2 magtigste koninkryke.

8, Groot konflik het ontstaan oor hulpbronne.

9, Redes vir stygende konflik was:

- Onderlinge ooreenkomste het spanning veroorsaak tussen koninkryke
- Sommige sukkelende koninkryke het bedreig gevoel deur opkomende sterk koninkryke
- Dispute, konflik en diefstal het toegeneem.
- Ernstige droogte wydverspreide oesverliese – groot mededinging vir kos en weiding.
- Toenemende handel met blankes verhoog verder spanning – nie meer met eie volksgenote gehandel



- Aan suidelike grense van Tswana koninkryke het die Kora en Griekwa groepeerings begin ontstaan.
- Afstammeling van inheemse bevolking en Hollanders.
- Gewere en perde gehad en kon vinnig beweeg.
- Hierdie groepe is die kontakpersone tussen Tswanas en blankes omdat hulle handelsgoedere vinnig kon vervoer.
- Tswanas wou graag Europese produkte soos glaskrale, gewere en tabak hê.
- Verruil yster, koper, ivoor, beesvelle en velle van wilde diere
- Sommige Tswana hoofmanne het baie ryk geword deur hierdie handel
- Die hoev. Beste wat hy besit het, het sy rykdom bepaal.
- Mededinging tussen hoofmanne het toegeneem.
- Magtiger koninkryke het kleiner koninkryke begin oorneem.
- Kry al meer aanhangers en begin groepe organiseer.
- Nedersettings brei uit en meer huise word gebou.
- sommige nedersettings meer as 100 huise




3. POLITIEKE VERANDERING IN DIE OOSTE 1750-1820 (NDWANDWE-KONINKRYK)

1. In die ooste het die Zoeloes en die Ndwandwe koninkryke met mekaar meegeding om heerskappy
2. Die Ndwandwe koningryk is deur koning Zwide regeer



Zwide



3. Die Ndwandwe volk suid van Delagoabaai gewoon
4. Ivoorhandel met Delagoabaai het geweldig toegeneem
5. Die Tembe stam wat ook in die streek gewoon het se mag het geweldig toegeneem a.g.v. Rykdom
6. Plaas groot druk op Ndwandwe stam – meeste van die stam vlug uit die streek
7. Nuwe koningryk ontstaan in die gebied bekend as die Mthethwa koningryk
8. Koning Dingiswayo het oor die koningryk regeer en was Zwide se hoof teenstander

9. Shaka het ook 'n klein koninkryk gehad wat geen bedreiging ingehou het nie



Dingiswayo



Shaka

10. In 'n geveg met die Ndwandwe is Dingiswayo gevange geneem en gedood
11. Sy magte is verslaan en uitmekaar gejaag
12. Die Ndwandwe was nou die sterkste mag oos van Drakensberge
13. Die Mthethwa het by Shaka aangesluit
14. Shaka se groeiende mag het bedreiging in die ooste geword.

4. DIE VERBROKKELING VAN DIE NDWANDWE-KONINGKRYK

1. Nadat Zwede die Mthethwa stam verslaan het, het hy hom op die Zoeloe-koningryk van Shaka gevestig – hy wou hulle vernietig
2. 1826 het Shaka egter die Ndwandwe stam verslaan

5. DIE OPKOMS VAN DIE ZOELOERYK ONDER SHAKA:

1. Gebore 22 Sept. 1787 – sou beskou word as 1 van die beste konings van sy tyd
2. Hy was 'n militêre genie en baie gewelddadig
3. Eerste seun van Senzangakona en Nandi sy moeder
4. Hy was in sy jeugjare reeds deel van 'n gevegseenheid van Dingiswayo (leier van die Mthethwa stam)
5. Dingiswayo was self 'n baie goeie militêre strateeg (hy het sy soldate in regimente ingedeel – elke regiment het sy eie kleur gehad)

DIE OPKOMS VAN DIE ZOELOERYK ONDER SHAKA (VERVOLG)

6. Shaka het dikwels kontak gemaak met Europese setlaars en het hul oorlogstaktiek goed bestudeer
7. Met die dood van Senzangakona het Shaka die leierskap oorgeneem van die stam
8. Hy het verskeie stamme om hom verslaan
9. Nadat Dingiswayo vermoor is deur Zwide het Shaka wraak gesweer teen hom en in 1825 word Zwide in 'n geveg teen Shaka se magte gedood
10. Shaka het al meer gerespekteerd geword onder sy mense – hy het al die omliggende stamme om hom aangeval. Jong mans is by sy weermag ingelyf en kinders en vroue by sy stam

11. In Oktober 1827 is Shaka se moeder, Nandi, oorlede
12. Shaka het beveel dat geen graan of kos vir die volgende jaar geplant moes word nie – geen melk mag vir die tydperk gedrink word nie en geen vrou in sy koningryk mag vir die vlg. Jaar swanger geword het nie
13. Swanger vroue moes saam met hul mans doodgemaak word
14. Shaka het in hierdie tyd meer as 7000 mense laat doodmaak



SHAKA SE MILITÊRE MAGSOPBOU

1. Shaka het die kort skerp lem steekassegaai ontwerp vir sy krygers.
2. Hiermee kon hul in naby gevegte die vyand makliker doodsteek as met die werp- assegaai
3. Die werp assegaai met sy breë lem is steeds gebruik om dit oor vêr afstande na die vyand te gooi, maar die steekassegaai was baie meer effektief op kort afstande



SHAKA (VERVOLG)

4. Shaka het ook 'n groter skild laat maak en dit met beesvel laat oortrek . Dit het die nodige beskerming gebied aan die krygers teen assegaai steke.
5. Elke regiment ('n Stelsel wat hy van Dingiswayo oorgeneem het) se skilde was ook 'n ander kleur om hulle van mekaar te onderskei
6. Die tradisionele Zoeloe sandaal wat krygers gedra het, is ook mee weggedoen aangesien dit beweging belemmer
7. Om voete hard te kry op duwweltjies gedans en vêr en hard oor rowwe en klipperige terrein marsjeer (80 km)
8. Seuns en dogters van so jonk as 6 jaar het sy regimente vergesel om potte en slaapmatte te dra
9. Implementeer die oskop formasie om vyand aan te val

“Chest”- senior veterane (vegters)


“Horns”- Jong en vinnige vegters

“Lions”- Groot reserwe mag

Hierdie mag kon van 100 tot 10 000 man sterk wees.

10. Met hierdie aanvalstegnieke het Shaka die magtigste koning in suidelike-Afrika geword.





DIE DOOD VAN SHAKA:

1. Shaka se broers het saamgesweer om hom te vermoor
2. 1828 deur sy 2 broers Dingaen en Mhlangana doodgesteek
3. Dingaen het daarna vir Mhlangana laat dood maak
4. Hierna het hy Shaka se plek ingeneem
5. Sy grootste probleem was om die regimente lojaal aan hom te kry
6. Om hul lojaliteit te wen het hy/sy senior krygers toegelaat om te trou en het hy vir hulle beeste gegee
7. Enige teenstanders is onmiddellik gedood
8. Hy het sy nuwe hoofstad by by Umgungundlovu gevestig

Noordelike Ndebele koninkryk:

1. Leier was Mzilikazi in 1819
2. Ontvlug die oorloë tussen Ndwandwes, Mthethwas en Zoeloes
3. Afstameling van die wat oorleef het uit die Nwandwes, het oorleef deur plundering van vee en steel van graan, staan bekend as die plunderaars
4. 1827-78 trek Ndebeles verder Noord na die Pretoria/Tshwane streek, waar hy al die Tshwane hoofmanskappe geplunder en oorgeneem het.
5. Praat isiNdebele, soortgelyk aan isiZulu
6. Mzilikazi gebruik die amabutho om strooptogte te lei en soveel geweld en verwoesting te saai.

VERVOLG: Noordelike Ndebele koninkryk:

7. Teen die middle van die 1830's was die Ndebele staat een van die grootste state tussen Guateng, Noordwes, Mpumalanga en Limpopo.



8. In 1836 is die Ndebele's egter verslaan deur 'n groep Hollandse boere van die Kaapkolonie



Suidelike Sotho koninkryk:

1. Leier was Moshoeshoe
2. Sothos het op 'n berg, Thaba Bosiu, gebly wat dit moontlik gemaak het om hulle goed te verdedig teen stropers
3. Baie mense het daarheen gevlug vir beskerming
4. Moshoeshoe maak vyande sy vriende en knoop goeie bande met sy bure, namate sy koninkryk uit te brei, en almal aan sy kant te kry
5. Hulle het NIE gebruik gemaak van die amabutho soos die Zoeloe's en Ndebeles NIE.
6. Sothos het vee gegee vir hul volgelinge in ruil vir hul lojaliteit= Mafisa-stelsel

VERVOLG: Suidelike Sotho koninkryk:

7. Was nie 'n gesentraliseerde staat nie, hoofmanskappe het 'n mate van onafhanklikheid gehad
8. Moshoeshoe geen geskenke aan Shaka eerder as om hom te konfronteer, inruil vir ondersteuning
9. Koop perde en gewere van die Kaapkolonie
10. Moshoeshoe was bekend vir sy multikulturalisme=waar hy verskillende kulture insluit.
11. Het wel aan Moshoeshoe 'n skatplig fooi betaak om lojaliteit te toon

Ander state en hoofmaksappe:

1. Gaza-koninkryk: meerderheid van hulle geskiedenis het in die mosambiek gebied geskied, dus is die kennis baie minimaal. Die leier was Shoshangane wat geleer het onder Zwide. Het die amabutho gebruik
2. Swazi-staat: uit die verslane Ndwandwe ontstaan in 1826, was in die huidige Swaziland
3. Pedi-staat: beheer handelsroetes in die binneland, leier was sekwati
4. Mpondo-koninkryk: laat toe dat vlugteling van ander botsende state hulle sin vergesel
5. Suidelike Tswana hoofmanskap: knoop bondgenootskap met Griekwas, vir mag

Nalatenskap van Shaka:

1. Shaka word op drie verskillende maniere uitgebeeld:
 - ✓ Die Militere genie: word oorgelewer deur mondelinge tradisies of lofdigte
 - ✓ Die wrede tiran: Koloniale geskiedenis en ou eensydige handboeke
 - ✓ Nasiebouer: Sienings van politieke leiers
2. Uitbeeldings van Shaka in die 20ste eeu:
Word onthou as 'n rolmodel van leierskap en vernuf
3. Shaka vandag: nogsteeds vandag welbekend